*Mans Wit Sakdoeke 1/- elk*
word vir die komende twee weke nie gerantsoeneer nie.
Kom kyk en oortuig uself
Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
Pleinstr., Stellenbosch

# DIE Matie

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

DEEL III, No. 20. VRYDAG, 20 AUGUSTUS 1943. PRYS 1d.

## STUDENTE-UNIE PLUK WRANGE VRUGTE VAN S.V.R.-BESLUIT

### REPERKUSSIES IN REGERINGSKRINGE

### KONTROLEUR WEIER VRYSTELLING VAN BELASTING VIR LANGENHOVENFONDS-KONSERT

**Die offisiële rede waarom A.N.S. erkenning deur die S.V.R. met 7 teen 8 stemme geweier is, maak slegs melding van die feit dat A.N.S. 'n Uniale-studentebeweging is. Die nuusblaaie publiseer egter (met goedkeuring van die S.V.R., art. 51, no. 1 en 2) 'n berig dat A.N.S., omdat dit 'n „politieke beweging" is, nie meer erken word nie. Dit het die regering in die harnas teen die A.N.S. gejaag insoverre DIE KONTROLEUR VAN BELASTING TOT NOGTOE WEIER OM VRYSTELLING VAN BELASTING TE VERLEEN AAN 'N KONSERT VIR DIE LANGENHOVEN-GEDENKSAALFONDS onder beskerming van A.N.S. Deur 'n kortsigtige besluit met die afgesaagde woordjie „politiek" as kreet, doen die S.V.R. afbreuk aan 'n grootse poging om aan Stellenbosch 'n eie studentesaal te gee.**

#### REPERKUSSIES!

Gedurende die week is iemand na die Kontroleur van belasting gestuur met die doel om 'n vrystelling van belasting te verkry vir die konsert van die Stadsorkes op die 17e September, waarvan die inkomste bedoel is om die Langenhoven-Gedenksaalfonds te sterk.

Aangesien die konsert egter onder beskerming van die A.N.S. plaasvind het die kontroleur nie sy weg oopgesien — „om aan 'n politieke organisasie wat nie eers deur die S.V.R. van U.S. erken word nie," vrystelling te verleen nie. Die kontroleur het verwys na die berig wat in die loop van verlede week in die koerante verskyn het. **Daar is op gewys dat dit suiwer in belang van die studente-unie en opvoeding is, dog hy het gesê dat die saak aan die Raad van Belastings moet voorgelê word vir ondersoek, aangesien die A.N.S. blykbaar nie 'n gewensde vereniging aan U.S. is nie, en daarby 'n politieke organisasie aan wie hy nie sonder meer vrystelling van belasting kan gee nie.**

#### S.V.R. EN „POLITIEK"

Dit is maar die eerste van die reperkussies wat die S.V.R.-besluit, wat verlede week met **7 teen 8 stemme** aangeneem is, op die belange, nie sodanig van A.N.S. het nie, maar op die studente-unie as geheel.

**Met die nie-erkenning mosie van mnr. Eddie Botha is die stempel van „politiek en wat gewoonlik daarby kom" op die pogings van A.N.S. gedruk. Hierdie kortsigtige besluit kon allermins gemik wees op die behartiging van studente-belange as daarop gelet word hoe dit selfs die regeringsamptenare in die harnas gejaag het teen 'n Afrikaans-Nasionale Studentebeweging. En dit moet kom van Stellenbosch?**

Nie alleen is 'n deel van die studente-unie van Stellenbosch aan die regering uitgelewer nie, **maar alle A.N.S.-verenigings oor die land word in gevaar gestel deur die besluit van 'n S.V.R. van die „bakermat van die Afrikanerdom!" Dit kan nooit per abuis aangesien word as 'n daad in belang van die studente oor wie die S.V.R. gekies is nie.**

#### A.N.S. VIR BELANG VAN STUDENTE-UNIE

In die verlede het die A.N.S. alreeds veel gedoen in belang van die studente-unie. **Daarom is die A.N.S. 'n Uniale-studenteorganisasie — in belang van die Afrikaanse Nasionale-Studentedom!**

● **Dit was A.N.S. wat die Jan Pierewietgeselskap gegee het om die studente te dien.**

● **Dit was A.N.S. wat 'n fonds vir die Langenhoven-Gedenksaal — 'n saal vir studente — geopen het, in belang van die studente.**

● **Dit was A.N.S. wat die liberalistiese N.U.S.A.S. met hand en tand beveg het — in belang van Afrikaner studente.**

● DIT IS A.N.S. WAT NOU WEER KOM IN BELANG VAN U.S.

#### WAT WIL S.V.R. MET 7 TEEN 8?

? Kan dit wees dat die S.V.R. gekant is teen die erkenning van 'n beweging wat poog om die Afrikanerstudente te organiseer in 'n groot studentebeweging?

? Is Afrikanerbewegings in die oë van die S.V.R. dan politiek?

? WAARNA STREEF DIE S.V.R. VAN U.S.?

? MOET ONS AANNEEM DAT DIE S.V.R. GEKANT IS TEEN 'N AFRIKANERSTUDENTEORGANISASIE WAT PROBEER OM DIE AFRIKANERSTUDENTEDOM IN EEN MAGSFAKTOR SAAM TE BIND? (Sien ook Hoofartikel).

## Die Jaarmark 'n Reuse Sukses

### Pragtige Samewerking In Grootse Onderneming

#### SOM VAN £1,200 REEDS BEHAAL

**'n Week gelede kon ons die daarstelling van 'n Lenings- en Navorsingsfonds vir handelstudente aan ons universiteit in vooruitsig stel. Vandag egter is dit nie slegs meer 'n vooruitsig nie, maar reeds 'n werklikheid. En dit danksy die onvermoeide ywer en getroue samewerking van die handelsstudente self, bygestaan deur die staf van die handelsfakulteit, en met die onontbeerlike ondersteuning van die publiek en alle studente. Eindelik het die handelstudente uitvoering gegee aan daardie prysenswaardige idee van eie optrede om diegene wat na hulle aan die universiteit sal studeer en wat miskien minder bevoorreg is wat geldmiddele betref, te help.**

#### DIE JAARMARK

Saterdagoggend was alles in rep en roer in die banketsaal. Mense het saamgedrom om die tafels waarop die studente hulle handelsware aangebied het, en geld het vinnig ingestroom terwyl die tafels stadigaan leër en leër geword het. Verbasend vinnig het artikels van allerlei aard van eienaar verwissel om gedurigdeur maar meer geld in die fonds te stort. Groente, vrugte, lekkers, verversings, vleis, allerlei handelsartikels, alles het 'n groot aanvraag geniet. 18 lewendige skape wat deur mnr. A. B. de Villiers opgeveil is, is verkoop teen £2 stuk. Etlike bale lusern is verkoop teen 8/6 per baal. Geen wonder dus dat die tafels baie gou skoon was nie.

Maar op hierdie stadium was die geld-insameling nog geensins op 'n end nie. Die informele dans gedurende die aand in die stadsaal het groot byval gevind en die saal was

(Vervolg op bls. 4, kol. 2)

*Maties!*
Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.
DIE
Voortrekker-Apteek
Andringastraat, Stellenbosch

## Arbeidsdiens van Stapel Gestuur

### Hulp vir Geteisterde Streke

Die waarnemende Hoofkommandant het verlede Maandag-aand 'n „Drie-maande Plan" vir die Studente Kommando's omlyn.

Die plan dra die naam „Arbeidsdiens." Hiervolgens word van alle Offisiere en Brandwagte verwag om 'n maksimum van twee uur van hul tyd per week op te offer en dit te bestee aan arbeid — nie vir hulself nie — maar in diens van hulle volk.

Die eerste fase van die „Drie-maande Plan" is die suksesvolle toepassing van 'n skema vir rommelverwerking. Alle lede word hiervolgens verwag om alle rommel wat moontlik verwerkbaar is, te kollekteer en te bring na 'n sentrale depôt. Hier sal O.B.-lede wat aanleg het in alle soorte van handewerk, die rommel omset in nuttige artikels wat hulle dan van tyd tot tyd sal verkoop. Die winste wat hierop gemaak sal word, sal aangewend word vir hoofsaaklik plaaslike hulpbehoewende sake soos b.v. hulp aan geldelik behoeftige lede en fondse soos die Langenhoven-Gedenksaalfonds, e.a.

Ten slotte het die waarnemende Hoofkommandant 'n beroep gedoen op alle O.B.-lede om „offers" te bring in die vorm van geld om ons mede-Afrikaners wat so swaar deur die droogte geraak word, te help.

Vervolgens is 'n silwerkollekte gehou wat die mooi som van £5-1-3 opgebring het.

***KOOP „DIE MATIE"***

KONSERT
Onder Beskerming van A.N.S.
ten behoewe van
Langenhoven Gedenksaal-Fonds
KAAPSE STADSORKES
onder die stok van
Dr. William J. Pickerell
●
*Solis:-*
*K. Halvorsen*
STADSAAL
Vrydag, 17 Sept. 1943

*HOOFKWARTIER : VIR : GESONDHEID!*

*VRIENDE ONTMOET MEKAAR OM 'N LEKKER KOPPIE KOFFIE BY*
*DIE SUIKERBOSSIE*
*Pleinstraat* *Stellenbosch*

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**INSPAN!**

*Waar gaan dit?*

Ons gaan Koffie en Pannekoek geniet in

**DIE UITSPAN**

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**

(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**

Foon 0013.

*„RIO RITA"*

LOU COSTELLO
BUD ABBOT

*Vrydag en Saterdag,*
*20 en 21 Aug.*

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**FLORA**

BLOEMIS

Plukblomme, Ruikers, Kranse, Skouerruikers en Geskenkmandjies.

VAN RYNEVELDSTRAAT, STELLENBOSCH

## DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
REDAKTEUR,
Dagbreek.

Deel III. 20 Aug. 1943. No. 20.

## DIE STELLENBOSSE STUDENT EN DIE „POLITIEK"

„Die A.N.S. is erkenning geweier omdat hy 'n ‚politieke' beweging is" — so sê die liberalistiese lede van die S.V.R. van U.S. Min besef hierdie versiende agt mense, onder leiding van mnr. Eddie Botha, dat hulle dan ook moet weier om die ganse Stellenbosse Universiteit se bestaansreg verder te erken, want die Stellenbosse Universiteit is 'n „politieke" inrigting. Universiteit van Stellenbosch se oprigting in 1918 was 'n suiwer „politieke" daad. Stellenbosch se groei as universiteit dank hy aan sy „politieke" rigting. Die Engelse publiek, die Engelse pers, soos die Cape Times, die Cape Argus, die Engelse universiteite, soos U.K. en U. Wits, het vir die afgelope 25 jaar volgehou dat Stellenbosch 'n „politieke" universiteit is. Sonder uitsondering beskou die Engelse publieke mening in Suid-Afrika vir U.S. as „the hotbed of Afrikaner Nationalism," „the seat of narrow-minded, rabid, and fanatic racialism," „the cradle of anti-liberal, reactionary, and perverse Afrikaans political leaders and thinkers," e.d.m. Ons sou 'n hele bloemlesing kan gee van die vleiende aanmerkinge wat ons Engelse medeburgers kwytraak wanneer hulle hul opinies oor die „politieke" universiteit, Stellenbosch, lug.

## DIE STRYD

**„As jy te stry het teen onreg, en verdrukking, en dwingelandy en valse leer en bygeloof; wees jou edele stryd waardig. Jy stry nie vir jou voordeel nie, jy is 'n kampvegter vir andere, 'n martelaar vir jou medemens; en hoër adelrang as dié bereik die mensheid nooit op aarde nie. As jy neergeslaan word, spring weer op en slaan weer met jou verminkte, verswakte hande; jy sal te gronde gaan, maar die segepraal van een Luther is gebou op die nederlaag van menig Huss. Dit is een van die naels van jou kruis, dat jy sal wanhoop of jy jou volk 'n tree nader gebring het na die beloofde land; dat jou offer sonder erkentenis is. Maar waaragtig, as jy die man is wat tog volhard, is jy die sout van die aarde."**

— LANGENHOVEN.

Dit is gevolglik gladnie iets nuuts om nou van hierdie Stellenbosse liberalis te hoor dat die A.N.S. en die Universiteit van Stellenbosch se rigting louter „politiek" is nie. Rhodes het al teen die end van die vorige eeu, 50 jaar gelede, begin deur te sê dat: „Stellenbosch blocks the way." Hierby het hy bedoel dat Stellenbosch die spoedige verengelsing van die Afrikaanse intelligensia teenwerk of „blokkeer." **Stellenbosch as „politieke" inrigting het verhoed dat die Afrikanerstudent van destyds die Britse denkrigting, beliggaam in liberalisme en holistiese imperialisme, aanvaar. Daarom moes hierdie „politieke" inrigting van die gras af. Daarom is geen geld ontsien om Stellenbosch dood te maak nie, en by die Universiteit van Kaapstad in te lyf nie.** Daar sou die Afrikaner spoedig verengels. Die wetsontwerp wat Stellenbosch se universitêre bestaansreg teruggetrek het, was in 1918 reeds in die parlement ingedien. Deur 'n Godswonder is die universiteit gered. (Mnr. Jannie Marais van Coetzenburg het £100,000 aan die universiteit bemaak). Tog in 1918 het die lewe van die „politieke" U.S. aan 'n draadjie gehang. Amper het die Engelse hul sin gekry. Amper het liberalisme en imperialisme finaal oor Afrikaner-nasionalisme in die akademiese wêreld geseëvier.

Was dit nie dat U.S. byna fanaties Afrikaans was nie, sou hy in 1918 sy bestaan beëindig het. En tog, in die jaar 1943, 25 jaar daarna, kom 'n klompie van U.S. se eie studente, en skaar hulle by die breë Engelse publiek wat Stellenbosch beveg. Daardie rigting wat in Engelse oë „politiek" heet, moet weg. In die plek daarvan moet „politieke neutraliteit" kom. M.a.w., Stellenbosch het nie meer plek vir 'n beweging soos A.N.S. wat op 'n byna fanatiese Afrikaanse standpunt staan nie. **Dis nie net 'n saak van die nie-erkenning van die A.N.S. nie. Dis 'n saak van die miskenning, die verloëning van die presiese standpunt wat Universiteit Stellenbosch gebring het waar hy vandag is.**

Onnodig om verder iets te sê oor 'n saak wat vir elke Stellenbosse student 'n gemeenplaas behoort te wees.

Wat is die praktiese konsekwensies van die S.V.R. se miskenning van A.N.S. en U.S. se „politieke" rigting? („Politiek" word in hierdie artikel deurgaäans in die Engels-liberalistiese, of S.V.R.-sin van die woord opgevat — d.w.s. dat 'n Afrikaanse organisasie wat die gewettigde regte van die Afrikaner beklemtoon op 'n eensydige rasse en selfs „party-politieke basis"(!) saamgestel is). Ons daag hierdie agt S.V.R.-lede uit om die volgende bewering te weerlê, nl. **dat behalwe vir sommige „beskermde" beroepe, soos dié van onderwysers of predikante, die toekomstige werksmoontlikhede van die Stellenbosse student in die ingenieurswese, handel, regte, toegepaste wetenskappe, e.d.m. hoofsaaklik afhanklik is van eensydige Afrikaanse „politieke" optrede. Dis alleen Afrikaanse volkspolitieke optrede en organisering wat die handelslewe, fabrieks en tegniese lewe, die professies, kapitaal- en beleggingswese, die mynbedryf, ens., vir die Afrikanerstudent kan oopstel.** Of is hierdie betrokke liberalistiese S.V.R.-lede nou werklik so naief dat hulle dink dat die Engelsman en Jood hulle sleutelposisies in hierdie bedrywe somaar so sal opgee, net vir die opgeleide Afrikaner om in te stap? Nee, dis tyd dat die S.V.R. by die A.N.S. en by U.S. se stigters kom leer wat „politieke" realisme is.

**Of indien hulle weier om te dink oor die noodwendigheid van die organisering van die Afrikanerbelange deur die Volksbeweging, moet hulle ten minste ondervind dat hulle eie toekoms in die weegskaal is indien die Afrikaner, soos tans, ekonomies uitgelewer is aan die vyand.**

'n Verdere praktiese illustrasie: As hierdie lede op die S.V.R. die „politieke" rigting van die A.N.S. en U.S. verloën, moet hulle die liberalistiese U.-Wits en U.K. navolg deur ook 'n groot toestroming van Poolse en inheemse Jode, Kaffers, Kleurlinge en Indiërs hier toe te laat. Immers dit is slegs ons *fanaties* Afrikaanse standpunt wat hierdie indringers hier weghou. Die liberalistiese universiteite, daarenteen, gooi hulle deure oop, want daar is geen kleurlyn nie. Wil Stellenbosse liberaliste werklik nie net U.S. en die A.N.S. se Afrikanerrigting vernietig nie, maar die universiteit omskep in die kosmopolitiese mengelmoes wat ons op U.K. aantref, met sy kommuniste, liberaliste, kafferboeties, oorlogskreeuers. (In U.K. het 600 studente aangesluit), e.d.m.?

Weet die S.V.R. nie dat die toestand vir die Afrikanerstudent op U.K. en U.Wits vandag so ondraaglik is dat groot getalle van hierdie veronregte Afrikaners na die sg. Afrikaanse Universiteit van Stellenbosch stroom nie? Moet Stellenbosch ook nou op die koop toe sy Afrikaanse rigting prysgee? Ons advies is: laat hierdie Stellenbosse liberaliste padgee, en hul voeg by hul Kaapse of U.Wits-geesgenote, terwyl die veronregte Afrikaners uit hierdie inrigtings hierheen verhuis. *Dit sal 'n gewenste immigrasie van opregte Afrikaners in U.S. wees, en 'n ewe gewenste emigrasie van Stellenbosse liberaliste na hulle geestelike tuiste, U.K. of U.Wits.*

Eindelik: Hierdie S.V.R.-lede sê o.a. dat U.S. met die A.N.S. moet breek omdat laasgenoemde kwansuis 'n uniale beweging is, wat die Afrikaanse student van U.P., P.U.K. vir

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

# Die Oorlog

## DIE SICILIAANSE VELDTOG

***„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht, Vergelding, de wet der Historie."***

***— Ten Kate.***

Deur Prof. J. A. Wiid

Die liddoring aan die Italiaanse toon is afgesny. Die Siciliaanse veldtog van byna ses weke het in 'n Brits-Amerikaanse besetting van die hele eiland geëindig. Die tyd vir nabetragtings het aangebreek.

Toe die Geallieerdes op 10 Julie met oorweldigende land-, see- en lugmagte voor Sicilië verskyn het, het dit hulle alles voor die wind gegaan. Nie alleen het die landings byna geen teenstand ontmoet nie, maar die Siciliaanse soldate, die swakste Italiaanse soldate, het by tien-duisendes oorgegee. Geen wonder dat in Geallieerde kringe die besetting van die hele eiland binne enkele dae in die vooruitsig gestel was nie. Toe het die ontnugtering gevolg. By Catania en van hier na die noordkus het die Geallieerdes bitter weerstand ontmoet. Hierdie keer was dit veral twee Duitse divisies wat deur hulle taaiheid die Geallieerde besetting van die eiland vir ongeveer vier weke vertraag het.

**Wat leer die Siciliaanse Veldtog ons?**

Uit die Siciliaanse veldtog is dit geoorloof om 'n paar gevolgtrekkings te maak. Dit is duidelik dat 'n eiland met sy lang kuslyn moeilik verdedigbaar is teen aanvallers soos die Geallieerdes wat oor 'n geweldige getalsoormag op land, ter see en in die lug beskik. Dit is duidelik dat die Geallieerdes in staat was om genoeg skepe, vliegtuie en soldate vir die veldtog te vind en 'n sukses daarvan te maak. Dit is nie bekend wat die verliese van die Geallieerdes is nie. Hoofsaak egter is dat Sicilië verower is en dat die Geallieerdes 'n belangrike sukses behaal het wat hul posisie in die Middellandse See nog verder sal begunstig.

'n Tweede gevolgtrekking is dat die Italiaanse verset in Sicilië uiters swak was. Die Siciliaanse troepe het geen veglus aan die dag gelê nie en dit skyn ook of dit hulle aan die nodige wapentuig en toerusting ontbreek het. Die verloop van die Siciliaanse veldtog is 'n bevestiging van die mening dat Italië van die begin 'n vyfde wiel in die Spil se strydwa was en dat Fascisme geen oorlogshelde van die Italiane gemaak het nie.

Met die oog op die maklike landing van Geallieerde troepe in Sicilië en die militêre ineenstorting van aansienlike Italiaanse strydmagte gedurende die eerste dae van die veldtog, is die verset van die paar Duitse en Italiaanse

(Vervolg op bls. 3, kol. 1)

**Rook Springbok-Sigarette**

## „EX LIBRIS"

### Ds. T. N. Hanekom.

. . . . „en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan"
— (Jak. 2 : 2).

ONS HELPMEKAAR.

In die uitgawes van 28 Mei en 4 Junie het ek reeds 'n paar gedagtes uitgespreek oor die Helpmekaargedagte en die Helpmekaar-beweging, en ek sal bly wees as my lesers weer daardie stukkies wil naslaan.

Soos reeds gesê, het die Helpmekaar in die afgelope kwarteeu 'n totaal nuwe belangstelling ontwikkel en alle aandag gerig op die gebied van die opvoeding. As ons die Penningmeestersverslag nagaan, dan val dit dadelik op dat daar geen enkele Afrikaanse inrigting is wat nie op een of ander tyd hulp van die Helpmekaar ontvang het nie, en, wat meer is, die Helpmekaar het deur middel van sy studielenings reeds meer as 2,000 studente gehelp om hulle studies te voltooi.

(Vervolg op bls. 4, kol. 2)

### DIE OORLOG

(Vervolg van bls. 2, kol 4)

divisies in die omgewing van Catania des te merkwaardiger. In hierdie verset teen 'n oorweldigende oormag kan daar van 'n ineenstorting van watter aard ook al geen sprake wees nie. Die Geallieerde oorlogsberiggewing het herhaaldelik van hierdie taai weerstand melding gemaak en op die feit gewys dat min gevangenes en oorlogsbuit ingebring kan word. Die Siciliaanse veldtog het weereens geleer dat 'n klein mag van gedetermineerde verdedigers die wêreld baie moeilik kan maak vir 'n oormag van aanvallers. As die Duitse bewering, soos Reuter dit aan ons meedeel, waar is dat die Spiltroepe met al hul materiaal en voorrade uit Sicilië na die vasteland van Italië oorgeplaas is en dat daar tans „'n ten volle toegeruste leër met al sy tenks, kanonne en voertuie ongeskonde" op Italiaanse bodem is, dan is die gevolgtrekking geoorloof dat selfs die oormag op land, ter see en in die lug waaroor die Britte, Amerikaners en Kanadese beskik het, nie alles kan vermag nie. Op baie propagandiste in Geallieerde kringe wat die Siciliaanse onderneming as 'n piekniek in die vooruitsig gestel het, behoort die stryd op hierdie Italiaanse eiland 'n ontnugterende uitwerking te hê.

**Wat nou?**

Dit is duidelik dat die groot strydmagte van die Geallieerdes wat op die oomblik in Sicilië saamgetrek is, nie vir garnisoenwerk op die eiland nie maar vir ander dienste bestem is. Wat gaan hierdie dienste wees en waar sal hul plaasvind? Oppervlakkig gesien lyk dit die aangewese taak van die Geallieerdes om van Sicilië af na die paar myl verwyderde Italiaanse vasteland oor te steek. 'n Grootskaalse inval in Italië het egter ook sy probleme soos 'n blik op die landkaart van Italië elkeen kan oortuig. Dit is makliker vir 'n vyand om Italië vanuit die noorde binne te val, soos die groot Hannibal en baie veroweraars na hom gedoen het, as om die lang opmars van uit die suide te aanvaar. Dit is derhalwe nie onwaarskynlik dat die Geallieerdes voorlopig hulle aandag aan die verowering van ander eilande in die Middellandse See sal skenk nie. Daar is b.v Sardinië, Korsika, Kreta en die Dodekanese wat van Spiltroepe gesuiwer kan word. Daar is ook nog ander moontlikhede. Invalle kan b.v. op verskillende plekke van Europa gelyktydig gewaag word. Veel sal afhang van toestande in Rusland en van die druk wat Stalin op sy bondgenote sal uitoefen. Daar sal in elk geval vinnig gehandel moet word, want die Europese somer nader sy einde. Die hardnekkige weerstand van die paar Duitse divisies in Sicilië mag miskien 'n onaangename voorsmaak van komende gebeurtenisse wees.

## Musiekvereniging

### *Sondagaand 8.15*

Die eerste opera-komponiste, afgesien van watter nasionaliteit, het meesal in diens gestaan van ryk aristokrate, wat lief was vir musiek.

Die aristokrate was nie altyd geleerdes nie en het dus ook nie altyd 'n baie goeie smaak gehad nie. Hulle het net gesoek na die bekoring van mooi sang en melodië en verder nie veel omgegee vir die plot van die verhaal nie. Gewoonlik het hulle voorkeur gegee aan romantiese of komiese intriges.

In daardie tyd d.w.s. in die 17de eeu, was die sangers almal castrati met pragtige stemme en gevolglik moes die komponiste mooi arias komponeer waarmee die sanger met sy stem kon spog en dus die aristokrate behaag.

Die aristokrate het dan ook die eerste operahuise laat bou en ook die opvoerings gefinansieer. Alle opvoerings was privaat en die gewone publiek kon dit nie bywoon nie.

Dit het dan ook gebeur dat van die aristokrate sit en slaap, of kaartspeel of intieme attensie aan 'n dame gegee het, onderwyl die opvoering aan die gang is en het hulle net geluister as een of ander geliefkoosde of populêre aria gesing word.

Ons vind dus dat die vroeër operas uit Bel Canto musiek bestaan het. Die musiek was net daar om vir die sangers 'n geleentheid te gee om te wys hoe mooi hulle kon sing en watter prestasies hulle kon bereik met hulle stemme. Die orkesmusiek het net gedien as begeleiding. Die teks was onbelangrik; sinne en woorde is baie herhaal en ook is daar nie aandag gegee aan uitspraak nie. Al wat hulle beoog het, was om 'n mooi toon voort te bring.

Vandag nog vind ons dat die miljoenêrs 'n belangrike rol speel in die musiekwêreld. Die Metropolitan in New York word elke jaar gesubsidueer deur rykes wat vrywillig duisende ponde skenk, anders sou die operahuis nooit kan bestaan nie.

Sondagaand hoor u musiek uit die vroeër Italiaanse operas. Name soos Bellini, Spontini, Donizetti en Rossini behoort al genoeg te wees om belangstelling op te wek.

*J. Steyn.*

**Dames!**

*Alles wat u nodig het, is teen die billikste pryse en met vriendelike bediening te kry by*

**DIE KAROO-BAKEN-DAMESUITRUSTERS**

Eienaar: H. J. A. SMIT (Baken)

**Birdstraat 33, Teenoor Die Braak**
**STELLENBOSCH**

**The Stellenbosch Stationery Store**

vir

BEKOORLIKE GESKENKE

Nuwighede van alle soorte,

Deftige Skryfbehoeftes

en

MODEBOEKE.

**A. DOWSON,**

Andringastraat, Stellenbosch.

## Onder Onsies

Verlede Sondagmiddag het mej. Liefie van Aardt van Huis-ten-Bosch haar mondigwording gevier by wyse van 'n gesellige onthaal, waar haar breë vriendekring goed verteenwoordig was.

* * *

In die jongste tyd het 'n verrassing gekom uit Concordia. Die verlowings van mejj. Hester Victor en Kewpie Fincham aan mnre. Piet Roux en Neil Jooste onderskeidelik is bekend gemaak. Is dit miskien die rede waarom die ou eikeboom voor Concordia altyd die eerste groen word in die lente?

* * *

Dr. D. G. Franszen, lektor in Ekonomie, is bevorder tot senior lektor in Ekonomie vanaf 1 Januarie 1944.

* * *

Ons wil net graag simpatiseer met mnr. Piet le Roux (finale jaar regte-student) wat sy vader, mnr. D. le Roux van Boontjiesrivier, Citrusdal, verlede week deur die dood verloor het.

* * *

Prof. en mevr. D. J. van Rooy, van die Potchefstroomse Universiteitskollege, was die naweek in ons midde. Prof. van Rooy is met verlof, en het per motor hierheen afgereis. Dinsdagmôre het hulle na die stad vertrek waar hulle kuier by hul seun, mnr. Bertus van Rooy, van die personeel van SANLAM.

**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)

Kerkstraat,

STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE

- - YSTERWARE - -

- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

*WEET U ?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

**HENDRIKZ**

vir

★ **Elektriese Benodighede**

★ **Radio Reparasies**

Langs

**Voortrekker Apteek**

*Ondersteun die Alombekende Suid-Afrikaanse MUSIEK-FIRMA.*

Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede

**R. MÜLLER**

**(Eiens.) Bpk.**

**h/v Kasteel en Burgstrate, KAAPSTAD**

en

**Pleinstraat, STELLENBOSCH.**

**Belangrike Boeke**

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. .. 6/6 p.v.

**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. .. 6/6 p.v.

**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam 6/6 p.v.

**Skandinawiese Vertellinge** .. 4/6 p.v.

**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar 6/6 p.v.

**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. .. 1/6 p.v.

**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. .. 5/6 p.v.

**Stuur u bestelling aan**

**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**

**Die Laan — Stellenbosch**

**Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE**

**KWV**

**DRUIWESAP**

*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**AVBOB**

116 Takke — 44,000 Lede

Reserwefonds £113,000

●

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65

BLOEMFONTEIN

●

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

**Rook Springbok-Sigarette**

## STUDENTE EN POLITIEK

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

C.H.O., ens., ook insluit. Watter liberalistiese onsin! Moet Stellenbosch dan altyd op 'n standpunt van „splendid isolation" staan? **Besef ons dan nou nog nie dat alleen as alle Afrikaanse studente in 'n eenheidsfront saamgetrek word, ons 'n indruk op die onsimpatieke besigheidswêreld waarin ons almal opgeneem moet word, kan maak nie?**

Ons kan net sê: As hierdie hoogmoedige en selftevrede Stellenbosse studente eendag ontnugterd in die praktiese lewe staan, en die moordende kompetisie van Jood en Engelsman ondervind, sal hy heelwaarskynlik terugdink aan sy studentedae toe hy somaar goedsmoeds die doodvonnis oor die versterking van Afrikaanse studente-eenheid uitgespreek het. Miskien sal hy dan — hoewel te laat — besef dat die A.N.S. tog reg was deur vroeg en laat op die absolute noodsaaklikheid van Afrikaanse studente-eenheid te hamer.

**Hierdie sabotasie-episode van die A.N.S.- en U.S.-rigting is veral te betreur daar dit plaasvind op 'n stadium wanneer alle reggesinde Afrikanerstudente, asook ons volk in sy geheel, studente- en volkseenheid as die enigste waarborg vir die verwesenliking van ons volksideale, aanvaar. Kan ons duld dat hierdie liberalistiese wanklank die harmonie van ons spontane en nuutgevonde studente- en volkseenheid — wat sigself vandag allerweë openbaar—torpedeer?**

**SLUIT AAN BY A.N.S.**


**BOSWELL**

se Groot Reisende

**SIRKUS**

NET 2 DAE OP STELLENBOSCH.

Hoek van Bird- en Langenhovenstr.

***Dinsdag en Woensdag***

***24 en 25 Aug.***

om 8.15 n.m.

●

Middagvertoning:

WOENSDAG, 25 AUGUSTUS

om 3.15 n.m.

●

AANSKOULIKE PROGRAM.

o.a.:

***STANLEY BOSWELL***

in sensasiewekkende vertoning met 10 uitgegroeide leeus.

**DIE DRIE HUGO'S**

Musikale Wonders.

**DIE DEL-RIO'S**

Sonderlinge Balanseerders.

**RENE REEL**

Ongeëwenaarde Akrobatiese Goëlaar.

Bygestaan deur 'n volle Arena Program insluitende uitvoerings met Olifante, Perde, Ponies, Chimpanzees, Bobbejane en Muile.

Harlekyne — Harlekyne — Harlekyne

**Populêre Pryse: 5/-, 4/-, 3/- 2/-**
(Plus belasting)

**Kinders onder 12 halfprys.**

**Kinders na Matinee: 1/-**
(Plus belasting)


## „EX LIBRIS"

(Vervolg van bls. 3, kol. 1)

Laat ons net 'n voorbeeld neem en sien watter voordeel Stellenbosch tot sover uit ons Helpmekaar-beweging getrek het. Reeds voor 1924 is toelae en beurse toegeken aan studente, maar ons noem net bydraes wat sedert 1924 gedoen is.

In die loop van die afgelope twintig jaar is £7,450 uitbetaal aan die Handelsstoel van die Universiteit; £2,500 is toegeken by wyse van lenings aan studente wat deur die tak Stellenbosch aanbeveel is, en nog £2,500 aan studente van elders wat op Stellenbosch studeer. Hierby moet nog gevoeg word £500 aan toelae op die £ vir £ stelsel aan die verskillende skole op Stellenbosch. Dit beteken dat Stellenbosch as gemeenskap gedurende hierdie tydperk die som van £12,950 uit die sentrale kas van die Helpmekaar ontvang het!

En die Helpmekaar het hierdie toekennings nie besnoei, maar vermeerder dit nog elke jaar. Tans word Stellenbosch elke jaar begunstig met ruim £6,000 deur middel van die verskillende bydraes, terwyl die tak Stellenbosch slegs maar £10 opstuur as bydrae vir die kas.

Wanneer ons hierdie syfers oorweeg dan blyk dit duidelik dat geen ander plek soveel trek uit die Helpmekaar-beweging as juis Stellenbosch nie. Hierdie feit staan so vas dat ondersteuning van die Helpmekaar nou vir ons 'n gewetenssaak geword het. Ons is swaar in die skuld by die beweging en hoe sterker ons dit besef hoe beter. *Dit is egter nie so moeilik om hierdie ere-skuld aan die Helpmekaar te betaal nie. Daar is baie maniere om dit te doen en in ons volgende stukkie sal ons 'n paar aanduidinge gee hoe, na ons mening, Stellenbosch nou moet te werk gaan om sy skuld te betaal. Intussen wil ons net graag daaraan herinner dat die Helpmekaar sy plek ingeneem het in die middelpunt van die stryd vir die geestelike behoud van ons volk en elke Afrikanerkrag, nie net vra nie, maar opeis vir sy saak!*

## JAARMARK

(Vervolg van bls. 1, kol. 1)

vol draaiende pare. Intussen is in die banketsaal nog steeds verversings aangebied, en ander vermaaklikhede het daar voortgegaan. En die studente het geweet hoe om geld te maak. Die lotery het baie byval gevind, en lootjies tot 'n totale bedrag van omtrent £35 is verkoop. Die plaaslike winkels het die artikels en koopregte vir uitloting verskaf.

### £1,200.

Die kontantkollektes wat ingesamel is bedra ongeveer £600 terwyl 'n baie konserwatiewe skatting van die opbrengs van die mark op £200 gestel word, gesamentlik dus £800. Die Universiteitsraad het egter besluit om 10/- by te dra vir elke pond deur die studente ingesamel. Die Lenings- en Navorsingsfonds kan dus op min of meer £1,200 op die oomblik gestel word. Daarenbowe is sekere bedraggies nog uitstaande.

Hopelik sal die eerste lenings reeds volgende jaar aan studente toegestaan kan word, maar reëlings in verband hiermee sal later aangekondig word.

Hartlik geluk! Die poging was groots en is as sulks met sukses bekroon!

## NETBAL

Saterdagoggend speel die eerste drie Netbalspanne van die O.K.P. In verlede was die O.K.P. die Maties se gevaarlikste teenstanders en die wedstryd môre sal te meer interessant wees omdat die Maties aan die begin van die seisoen na 'n harde wedstryd O.K.P. geklop het.

Die tweede- en derdespanne het verlede week teen die Handelskool, Paarl, gewen.

## DAMESHOKKIE

Verlede Saterdag het die eerste dameshokkiespan teen Atlanta gelykop gespeel. In die eerste helfte van die spel het die Maties nie bra kon reg kom op die nat grasveld nie. Dit was slegs kort voor die pouse dat Vena Wilkens die eerste doel kon aanteken. Rae Hugo het in die tweede helfte van die wedstryd met 'n besonder mooi doel vir die Maties die telling gelykop gemaak.

Dit kon die Maties in hul wedstryde op die Kaapse velde van onskatbare waarde wees as daar 'n grasveld om op te oefen tot hul beskikking kan wees op Stellenbosch. Aangesien die vierde hokkieveld al so lank onklaar gelê het sou dit nie baie ongerief veroorsaak as dit dadelik met gras beplant kon word nie.

Die eerste reserwespan is hierdie week buitengewoon selftevrede omdat hulle Saterdag Westelike Provinsie se Reserwe B-span met twee doele teen nul die loef afgesteek het. Die Maties het die toeskouers op 'n aantal aanskoulike bewegings vergas en die besonder mooi samespel is deur mev. Garlick hoë lof toegeswaai.

## BOKS

Die U. S. Boksklub het verlede Saterdagoggend 'n besonder geslaagde toernooi in die Hoër-Jongenskoolsaal gehou, en daarin geslaag om Tokai met 5 gevegte teen 3 te klop. Die boks was oor die algemeen van 'n hoë gehalte en die individuele gevegte vinnig en aanskoulik.

Labuschagne, die Transvaalse junior-middelgewigkampioen (1942), wat nou nog onthou word vir sy pragtige uitklophou in die Intervarsity teen Pretoria, was die uitblinker in die Matie-span. Hy het sy teenstander, Van Rensburg, heeltemal oorskadu, en die skeidsregter het die geveg in die begin van die derde ronde stopgesit.

## Wetenskaplike Vereniging

### LESING DEUR DR. J. M. LE ROUX

**Volgende Donderdag (26 Aug.) om 7.30 n.m. sal dr. J. M. le Roux 'n lesing oor „Die Mens se plek in die uitsettende Heelal" in die nuwe Fisikagebou lewer. Dit is 'n uiters interessante onderwerp in 'n gebied van die wetenskap waarin dr. le Roux 'n outoriteit is.**

**Almal is hartlik welkom!**

Die volledige uitslae was as volg (U.S.-vuisvegters eerste genoem):

*Kapokgewig:* Van Vuuren verloor teen Phillips met 'n tegniese uitklophou.

*Liggewig:* Prins klop Van Rensburg op punte. Herholdt klop Van Vuuren met 'n tegniese uitklophou.

*Weltergewig:* Crafford verloor teen Mulder met 'n tegniese uitklophou. Maree verloor teen Landsberg op punte.

*Ligswaargewig:* Labuschagne klop Van Rensburg met 'n tegniese uitklophou. Van Zyl klop Oaks; laasgenoemde is gediskwalifiseer. Van der Merwe klop Botha met 'n tegniese uitklophou.

## HOKKIE

Op spesiale uitnodiging van die Ikeys speel die 1ste hokkiespan van die Maties vanmiddag 'n intervarsity wedstryd in die stad. Behalwe vir enkele haakplekke en 'n bietjie onsekerheid by die verdediging, sal die Matiespan in 'n redelik goeie toestand van afrigting die kwaaiste en felste wedtsryd van die seisoen aanknoop. Alhoewel Stellenbosch bo aan die puntelys staan, sal hul in die Ikeys, wat in die eerste helfte van die seisoen teleurstellend vertoon het, 'n gevaarlike mededinger vind. Die uitslag kan nie voorspel word nie. Dat die beste aan beide kante gelewer sal word is nie te betwyfel nie.


**Die Vorentoe Radio-Orkes**

Onder leiding van Francis Meyer en die Beroemde Bariton Harold Hart. Haw. Kit. V. Aleks. Gettler en andere in 'n verskeidenheidsprogram, in die **C.S.V.-saal op Vrydag en Saterdag, 27 en 28 Aug.**

Toegang 2/6; Studente 1/10.

Bespreek by C.S.V.-Boekhandel.



**Studente van die Ingenieurswese-Fakulteit ! !**

***So pas ontvang !***

**TEKENBORDE**—*3 Groottes*

**TEKENHAKE**—*3 Lengtes*

**TEKENPAPIER**
(WHATMAN VIR INKTEKEN)

***Voorrade Beperk—Koop u benodigdhede nou !***

*Hou aanstaande week ons advertensie dop vir 'n belangrike aankondiging*

**C.S.V.-BOEKHANDEL**

**PLEINSTRAAT :: STELLENBOSCH**



***Nog 'n PAAR VERRASSINGS :***

**GLOEILAMPIES** In die volgende Kerskragte: 25, 60, 75, 100. Bring slegs 'n Uitgeblaaste lampie saam.

**ONDERBROEKIES.** Kort Onderbroekies met rek om die middellyf. Frokkies, met en sonder Moue.

***'n Nuwe versending „ Harris Tweed "-Sportbaadjies nou ter hand. Sien uitstalling in ons vensters.***

**GEBROEDERS DE WET (Eienaars) BEPERK**

Foon 20. Birdstraat, Stellenbosch. Posbus 21.